VOLHARD EN OORWIN

## IN LIGTER TRANT

Deur die jare het daar natuurlik snaakse dinge ook in en om die skool plaasgevind. Party was snaaks, en party het snaaks geword nadat daar eers erns was.

Net na my koms by die skool moes die kaptein van die eerste hokkiespan verslag doen oor die wintertoer - 'n lewendige, opgewekte, korterige dametjie. Sy het heel flink na die kateder gestap. Net toe sy met haar tweede sin begin, dop haar oë skielik om en sy slaan soos 'n os neer. Ek het agter haar gestaan en haar probeer vang, maar toe klap haar kakebeen op die agterkant van die kateder en daar lê die kaptein, so uit soos 'n kers. En die leerlinge sit met die eienaardigste trekke op die meeste gesigte: 'n mengsel van skok en doodlag. Sy was gelukkig gou weer op die been.

En toe staan 'n juffrou, wat Engels gegee het en daarvan gehou het om te veg vir al wat 'n reg is, op 'n dag voor my en vat my aan omdat ek nie dames toelaat om saalbeurte te neem nie. Ek bring dit toe vriendelik onder haar aandag dat ek elke kwartaal 'n vel papier vir saalbeurte op die tafel in die personeelkamer neersit en dat enigiemand sy of haar naam daarop mag skryf.

Die oggend van haar beurt vra sy of sy 'n toneeltjie mag opvoer om die boodskap tuis te bring. Ek reken toe dis 'n goeie idee. Dan luister moontlik meer as die helfte dalk! Twee leerlinge kom staan toe met 'n geopende boek voor op die verhoog en iemand wat gesterf het en nou moet hoor of sy naam in Die Boek van die Lewe is, word deur 'n “engel” ingebring. Die naam is toe wel daar en hy word met 'n harpie deurgelaat. Ek was toe al redelik ongemaklik, die atmosfeer in die saal was ook nie juis ernstig ingestem nie en die akteurs het ook nie daarin geslaag om kalmte te skep nie: sukkel om die Boek se blaaie omgeblaai te kry en giggel senuweeagtig onderlangs.

En toe kry hulle die derde “gestorwene” wat ingebring word se naam nié in die boek nie. Die volgende oomblik storm die “Duiwel” van agter die gordyn uit, met 'n tuinvurk omhoog. Die “verlore siel” vlieg weg en hardloop tussen die verbaasde personeellede in, gly en val, gil en laat vat weer met die “Duiwel” met die tuinvurk op sy hakke. Ek sal liewer wat verder gebeur het, aan die leser se verbeelding oorlaat. Die juffrou het nooit weer 'n saalbeurt gekry nie ...

Dit was die aand van die senior redenaars-kompetisie en ene jongeheer Graaff wen teen die verwagting in. Toe sy naam teen die einde uitgelees word om sy trofee in ontvangs te neem, is daar doodse stilte. Ek staan met die beker in die hand en vra waar hy is, waarop die antwoord kom: “Hy is by Barry Visser” (synde die hoof se seun). Ek byt op my tande. “Waar is hulle?” “Kyk video's by Meneer se huis.” En twee onderwysers van buurskole was die beoordelaars en sit en kyk toe. Wat hierna gebeur het, sal ook liewer verswyg word.

Op 'n dag het ons 'n baie bekende simfonie-orkes in die saal ontvang. Van die onderwysers was bang dat van die seuns die skool in die skande sou steek, waarop ons toe reël dat alle onderwysers versprei tussen die leerlinge sou gaan sit. Ek het by die seunsry gaan staan, agter die ou wat my die meeste dissiplinêre pyne besorg het. En toe lewer daardie orkes 'n uitmuntende vertoning. Van Dallas se temalied tot die orkeslid met skilfers wat al spelende 'n haarmiddel van die strykstok van 'n violis af ontvang, word met meesterlike oorgawe deur prof. Rycroft gedirigeer. En hierdie ou langs my word sodanig betower dat hy skoon vergeet langs wie hy sit. Toe die orkes asem skep, lê hy oor teen my en mompel: “Hierdie ou is f… n goed”. Ek draai toe na hom toe en sê: “Ek stem saam.” Ek sien nou nog hoe hy verstar en probeer om in sy eie skaduwee weg te kruip…

'n Dominee van 'n gemeente op Stellenbosch was by 'n saalbyeenkoms die Maandag aan die woord. Nadat hy gebid en Die Bybel gelees het, stap hy stadig tot voor op die verhoog en vra dat die “tafste” seun in die saal verhoog toe moet kom. Na 'n gesukkel loop die senter van die rugbyspan toe onder gejuig verhoog toe. En toe gebeur iets eienaardigs. Die dominee beveel Conrad om hom om te stamp. Hoe meer Conrad weier, hoe meer stamp die dominee hom en skree-praat naderhand: “Is jy 'n lafaard? Is jy te bang om my om te stamp?” En nog meer. Uit desperaatheid stamp Conrad toe die leraar dat hy op sy rug val sodat sy bene langs sy kop op die vloer klap.

Daar was 'n geskokte stilte in die saal toe die dominee, bloedrooi in die gesig, stadig orent kom, en op sy knieë bly staan, met sy hande agter sy kop gevou. Toe sê hy met 'n sagte stem: “Stamp my nou om.” En hoe

Conrad ookal probeer het, hy kon die dominee nie omkry nie. Nadat hy Conrad vir sy hulp bedank het, loop hy na die kateder en sê rustig: “Al bevind jy jou in die ergste storms wanneer jy eendag die lewe daarbuite betree, onthou: as jy op jou knieë is, kan niks jou omdop nie.”

Hierdie aanskoulike lewensles het so sterk inslag gevind dat ons die dominee 'n jaar later weer genooi het. Hy het weer iets besonders gedoen, maar dit was erger as die omstampery. Toe ons saal toe stap, het hy my gewaarsku dat hy gaan vloek en gevra of dit oukei is. Ek het die dominee vertrou en geknik.

Die dominee het die stuk in die Bybel uit Jakobus gelees, wat handel oor die mens se tong. Toe het hy 'n gebed gedoen. Toe het hy agter die kateder uitgekom en weer tot voor op die verhoog geloop, stilweg oor die saal heen gekyk. Die volgende oomblik sê hy skielik hard: “As een van julle donners sy f…n bek oopmaak, donner ek sy tande by sy keel af.” Hy het nog in hierdie trant 'n paar ander kru woorde gebruik, maar hy het nooit die Here se naam gebruik nie.

Toe stap hy in die geskokte stilte terug na die kateder en vra: “Hoekom sit julle so? Dis mos woorde wat julle elke dag hoor en gebruik. Of is dit net 'n dominee wat nie mag vloek nie? Is julle nie dalk 'n bietjie skynheilig nie?” En in hierdie trant het hy op 'n harde wyse 'n boodskap oorgebring wat moontlik elke persoon daardie dag aangeraak het.

Die eerste reaksies was verwarring, onsekerheid oor hoe 'n mens dit wat daar gebeur het, moes hanteer. Toe die Leerlingraad pouse by my tee drink, was die algemene gevoel dat dit 'n bietjie kras was, dat hulle ongemaklik voel. 'n Week later sê een van hulle dat sy intens bewus geraak het as maats sulke woorde gebruik. Die ander het saamgestem. Woorde wat al algemeen geword het, het skielik 'n ongemaklikheid geskep. Die dominee het weer diep getref.

Die saal het vir nog episodes gesorg, soos toe die standerd 9-meisie bo in die dak rondgeloop het en toe halflyf deurgeval het. En toe ons een oggend na 'n sokkie in die saal by die skool kom, was die plafon aan die smeul. 'n Roker was die vorige aand in die dak…

'n Korterige onderwyser wat Rekeningkunde gegee het, is geken as iemand wat van baklei gehou het. Jy hoef nie vir hom “sa” te gesê het nie. Toe ons besluit het om leerlinge aan te moedig om almal die skoollied te sing, was hy gereed. Toe die saalbyeenkoms verby was, storm hy uit en gaan lê 'n oortreder in die portaal voor. Dié kerel was 'n hemelbesem en die onnie moes ver opkyk na sy gesig, terwyl hy gil: “Hoekom sing jy nie die skoollied nie?” Die seun, wat kort tevore sy kakebeen laat verkort het, se tande was aan mekaar geheg en hy kon nie eers praat nie. Toe hy mompel en na sy mond beduie, gil die meneer: “En dan trek jy nog jou bek ook vir my!”

Hy was darem baie verleë toe hy agter die kap van die byl kom, soos ook by 'n ander geleentheid toe 'n senior seun met 'n verspotte laphoedjie op agter in die saal gesit het. Dieselfde aanval het gevolg, en ewe groot verleentheid toe die seun die hoed afhaal en wys dat hy 'n kop-operasie gehad het en sy wond bedek het.

Dit is dalk ook tyd dat Hoërskool Strand se Groot Geheim vertel word. Tot op datum behoort daar nie meer as twee persone te wees wat daarvan geweet het nie. In die tagtigerjare was daar sprake dat skoolkinders in die Helderbergkom ernstig met dwelms deurmekaar was. Op 'n dag kom die hoof van die Narkotika-buro by die skool aan en vra of ons bereid is om 'n polisielid as 'n skolier in te skryf ten einde die omvang van die probleem te bepaal. Daar is gereël dat net die hoof en adjunkhoof daarvan sou weet.

En so word 'n jong polisiedame onder die skuilnaam *Sky Mason* as 'n standerd 10-leerling ingeskryf. En was sy mooi! Ek het haar ernstig aangepraat om die seuns uit te los, maar sy het my verseker dat sy op soek na dwelmsmouse was. Sy het my ook ingelig dat sy so gou moontlik al wat 'n skoolreël is, sou oortree om by die “regte” mense uit te kom. Sommer die eerste pouse het sy in haar skooluniform op die skoolgrond gerook, die volgende dag nie die regte skooldrag aangehad nie en die klasse waarin sy was, effe ontwrig.

Dit was maar moeilik in die personeelkamer: “Waar kom Meneer aan hierdie kind?” “Sy is besig om die skool se dissipline te vernietig.” “Haar soort hoort in 'n verbeteringskool.” En die hoof moes paai deur te wys op die uiters moeilike huislike omstandighede wat *Sky* gehad het. Ons moes haar 'n kans gee om haar doel te bereik, sy is 'n weeskind en ander jammerstories waaraan ek kon dink.

Na so 'n maand kom rapporteer sy toe: “Meneer, ek het my oral ingewerk, maar daar is nie dwelmgebruikers in jou skool nie. Om die waarheid te sê: jy het 'n puik skool met top-kinders.”

En dit was dit.